VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

12 MEI 2020
HERDERSBRIEF #21B

Geliefde gemeente,

***Joh. 1:1 "In die begin was die Woord, en die Woord was tot God, en die Woord was God"*** is een van die drie pilare, wat die fundering van hierdie bediening is. (Die ander twee pilare is ***Luk. 1:17*** en ***Joh. 17:11***). Die doel van hierdie herdersbrief is, om te fokus op die **WOORD VAN GOD**.

Elke mens op planeet aarde, staan in 'n verhouding tot: **DIE WOORD**. Willens en wetens, bepaal die Woord die toekoms van elke mens. My vertroue is dat, u nie onverskillig en ongehoorsaam teenoor God se Woord sal staan nie.

Wanneer ons na hierdie baie belangrike pilaar kyk, dan moet ons verstaan, dit is nie EKD se Woord nie. Dit is Jesus Christus, God se Woord. Die bepalings van ***Joh. 1:1*** is deur God so bepaal. Wat behels hierdie bepalings? **KOMMUNIKASIE, WISSELWERKING EN GEMEENSKAP**. EKD het dit nie bepaal nie. Die Gees van God het. Daarom kon Maria uitroep: ***Luk. 1:38*** *"Laat dit met my gaan volgens U woord."* Ons almal wie deur God geroep is, om volgens ***1 Kor. 12:13*** deel van die Liggaam van Christus te wees, het 'n verantwoordelikheid om funksioneel te wees – ***Ef. 4:16 "uit wie die hele liggaam – goed saamgevoeg en saamverbind deur die <u>ondersteuning</u> wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate – die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde."*** Ek dink dit is 'n redelike uitgemaakte saak, dat **godsdienstige mense** nie kwalifiseer, vir God se heerlikheid nie. Dit is in dié verband, dat hierdie herdersbrief 'n beroep op u maak, om 'n ***"lewende steen"*** te wees – ***1 Pet. 2:5***.

Wanneer ek deel het aan Christus se lewe: om in Christus te leef en Christus toe te laat om deur my te leef. Dit is wat **ewige lewe** in die volle sin van die Woord, beteken. Wanneer Christus in my lewe is, groet ek almal rondom my; dra ek andere se laste – ***Gal. 6:2***; het ek 'n lewende belangstelling in die mense rondom my.

Om so deel van die **WOORD** te wees, wanneer die **WOORD** nie net meer in teorie bestaan nie – want dan het ons met die Bybel te doen. Die Woord – Jesus Christus – maak my deel van Goddelike lewe, wat wisselend, werkend en kommunikerend, gemeenskaplik andere rondom my bedien. Die bedoeling van **herderskap** bring mee dat die lewe van Christus deur my geopenbaar word. Dit is in dié opsig, dat die Heilige Gees ons rig, sodat Christus se salwing andere se jukke breek en my eie jukke ook breek. Dit is 'n **LEWEGEWENDE ORGANISME**, wat deur my almal rondom my bedien, bestuif, ondersteun, skep en so word ek deel van 'n *geestelike skepping*.

Wat ons hier hoor, spreek tog vanself, dat dit 'n dieper betekenis het en 'n gevorderde dimensie behels. Dit spreek van, om geestelik intiem met die Woord om te gaan. Die Grieks verwys daarna as *wisselwerkend* en *gemeenskaplik*. Daar is baie van ons, wat nog nie op hierdie vlak verkeer nie, maar dit ontneem my nie van die voorreg, om hierdie vlak aan u bekend te stel nie.

As 'n laerskool seun in standerd 4, het my ouers my 'n Bybel geskenk en het my moeder voor in die Bybel geskryf: ***Ps. 119:9 "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord."*** Dit was in 1954. Nou in 2020 kan ek waarlik getuig, dat die **WOORD** 'n werklikheid in my lewe geword het.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Mag hierdie herdersbrief, u prikkel sodat daar ‘n diepgang in u geestelike lewe mag kom. Almal van ons kan dit nie dadelik verstaan nie en dit is van die allergrootste belang, dat ons na die Woord sal luister. Hoekom? Omrede dit geskrywe staan: *die wat uit God is, luister na die Woord van God* – ***Joh. 8:47***. Ten minste is die verwagting volgens ***Joh. 8:37,43,47*** dat ons sal luister.

U is so welkom om te skakel, dat ons dit kan bespreek en vrae wat in u binneste ontstaan, kan beantwoord. Onthou, dat ons nie slegs ‘n Bybel-lees-program het nie, maar dat die Bybel – teorie – vir u die Woord van God sal word; wat u in staat sal stel, om die Koninkryk te sien – ***Joh. 3:3.***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

Haiko-gedig: 10 Mei 2020: *“Kyk op en nie af. Rykdom in Christus Jesus. Jou God sal voorsien.”* ~ Barbara Nicholson.



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335